

# TOOLBOX

JULIE/JULY 2015

LID VAN VETERAAN MOTORVERENIGING VIR SUIDER AFRIKA (SAVVA)

SEDERT /SINCE FEBRUARIE 2004 UITGAWENR 121/ EDITION 121

---

## DAGSÊ VRIENDE / GOOD DAY FRIENDS

Ons as klub het die Borrelfees bygewoon in Kestell. Dit is nou al 'n paar jaar wat ons dit bywoon en almal wil net van die lekker biltong en droëwors koop. Oom Manie het almal vroeg op laat staan sodat ons betyds kon wees. Ons het ook die lekkerste hamburgers daar gekoop. Dit is regtig selde dat mens sulke lekker hamburgers kry. Die tannie sê haar seun maak dit self. Hy het glo ook 'n restaurant in Kestell. Dan was daar ook die uitstalling by die Dihlabeng Mall vir vadersdag wat 'n baie goeie opkoms van karregehad het. In totaal is 21 karre uitgestal binne in die Mall sowel as in die parkeerarea op die Saterdag . Dankie aan almal wat hieraan deelgeneem het.

## Gelukwensings /Congratulations

Verjaarsdae/ Birthdays

3 Julie –Tertius du Preez

26 Julie – Jacques Rauch

Baie geluk aan die volgende lede wat verjaar. Mag julle 'n vreugdevolle en geseënde jaar hê! .Ons wens elkeen van hierdie persone sterkte toe vir die jaar wat voorlê en verseker hulle van ons deurlopende ondersteuning!

CLASSIC CAR WINDSCREENS

Windscreen/Window Manufacturing

All custom made windscreens/door glasses for any make & model

We have been an established manufacturer and supplier of classic car windscreens since 2002.Our head office is based in Johannesburg and in 2013 we opened a satellite branch in the Western Cape.Our main objective is supplying the South African market with vintage and classic car windscreens and door glasses. If we don't have it we will make it.We have a selection of 190 moulds and a continuously growing customer database

# Clarkson Hammond and May Live

Clarkson Hammond and May Live, of Top Gear Festival soos dit in die verlede genoem was, was die naweek van die 12-14 Junie weer te sien was die keer Johannesburg.

Die fees was gehou by die Ticketpro Dome in Northcliff waar daar weer n paar uitsallers was rondom die vertoning self van die Trio. Daar was wel nie so baie uitstallings gewees soos in Durban nie weens die feit dat hulle minder spasie gehad het om die suksess van vorige jare voort te bou.

Die vertoning van die drie, Jeremy Clarkson, James May en Richard Hammond was weer n ongelooflike belewenis die sitplekke was stamp vol gewees en die gehoor was betower   met die klanke van V8's tot V12's wat die stoele laat vibreer het. Hulle het Lamborghini se verjaarsdag herdenk en het al die modelle op eenslag voor die gehoor laat idle, meestal omdat ons weet as die ou tannies afgesit word dalk gaan sukkel om te start.

Hierdie jaar was  ons as Suid Afrikaners bevooreg gewees om die rally drywer en Gymkhana legende Ken Block in aksie te sien met sy  850 perdekrag en vierwiel aangedrewe 1965 Ford Mustang Notchback wat hy sy Hoonicorn noem. Om te sien hoeveel beheer n persoon het met al daai perdjies  is  verbysterend.


Om die drie musketeers weer saam te sien was n groot verligting na die fiasco met Jeremy wat nie meer by BBC Top Gear betrokke is nie.  EK glo ons kan die Tv kassies maar dophou vir n hele nuwe Motor program wat hulle een of ander tyd op n nuwe kanaal moontlik sal begin uitsaai.

EK hou duimvas dat ons hulle volgendejaar weer sal kan sien..

Groete, Kornél Smith





# VADERSDAG UITSTALLING – DIHLABENG MALL – 20 JUNE


















**The Good, the Bad and the Ugly (Knysna Jaguar Simola Hillclimb)**

Well I will start with the bad. Two weeks before the Simola hill climb in Knysna the head gasket blew on my Lotus Esprit. We managed to fix it quickly and I was taking it on test runs daily before the event to get use to the cars handling and making sure everything was in order. We drove through the night on the Thursday before the event and unloaded it off the trailer. At which point it decided to dump a load of oil all over the car park of the Knysna waterfront. I managed to get it through scruitneering and then headed to a local garage which actually makes the Cooper Healeys which look exactly like Austin Healeys but have a modern twist and are built on a BMW running gear....very interesting but I digress. We managed to plug up the leak, but then could hear a misfire. With further investigation we realized water was getting into the oil. The verdict was the head gasket again, and I made the call to retire from the race even before I managed to drive up the hill even once.... Absolutely gutted!

Now for the good. Watching the event now from a spectator point of view, I can honestly say it was top class. I have been lucky enough over the years to watch Le Mans, Goodwood festival of speed, F1 grand Prixs and this rates with all of them. Extremely well organized with a great vibe and everyone was there to have fun. I would make the drive from Bethlehem even if I wasn't competing. Friday is the classic cars and they do not hold back, and then Saturday and Sunday is the main event with a great selection of cars from a Lamborghini to a Fiat x19 with a turbo engine. Maybe a club trip down there next year???




Also a quick mention to Chris Holis a local Bethlehemite who got a 2nd in class driving his Nissan skyline. From what I saw he was certainly driving well.

The ugly, well after an amazing weekend we headed back. I had gotten over my depression and we had just stopped at Three Sisters service station. Well that was the last time I saw the bonnet of the Lotus!!! The bonnet opens forward like a Jag E type and because the engine is in the rear we put it backwards onto the trailer. The wind must have come over the top caught the bonnet and ripped it clean off.

So in summary, yet another motorsport disaster....but a great weekend certainly made up for it. Tertius has been working on prepping the spitfire and we plan to do another regularity rally in Fouriesburg in about September time. Fingers crossed for that one!!!

Regards
Rob Sartain





# My oom ry 'n Chev

Dis die sestigerjare in Port Elizabeth en karre is belangrik. As jou pa nie by General Motors werk nie, werk hy by Ford. Of op Uitenhage by Volkswagen of Goodyear. As iemand in die familie dus 'n Chev Impala koop, is dit groot nuus...

DEUR **DEON STRYDOM** SKETS **FRED MOUTON**

'Magtig, swaer Pieter het darem nou vir hom 'n lekker ryding gekry," sê Pa toe hy die foon neersit. Ek wil dadelik weet wat dit is.

Pa werk by General Motors en toe hy sê oom Pieter het 'n 1961 Chev Impala gekoop, weet ek dadelik waarvan hy praat. Dis die een met die groot vlerke en die chroomsierrooster, oftewel *grill*.

Die meeste was *two-tone*: wit-en-rooi, wit-en-blou of donkerblou-en-grys. Dis die mooiste kar wat GM nóg gebou het.

Die Chev Impala is vyf jaar vantevore by GM in die Baai begin vervaardig. Pa het gesê as hulle op die produksielyn aankom en die kattebakke staan oop, lyk dit soos rye en rye oop Bybels.

En toe sê Pa nog 'n ding wat in my kop bly vassteek: "Weet jy, hulle loop só stil jy kan 'n glas water op die *dashboard* sit, grondpad ry, en dit sal nie stort nie."

**'n Paar weke later is** daar 'n groot lugskou in Port Elizabeth. Oom Pieter-hulle van Willowmore kom Baai toe vir die lugskou

en sommer om die Chev op die langpad te toets.

Ek is in die wolke. Ek en Pa reken uit dat oom Pieter met die Chev die afstand tussen die plaas en die Baai beslis in minder as die gebruiklike 2 uur en 35 minute sal aflê.

Toe kom daar nog beter nuus: Dis nie uitnaweek vir die Hoërskool Willowmore nie en die groter neefs moet inbly in die koshuis. Dus kom net my jongste nefie saam en dadelik weet ek ons is min genoeg om heel naweek net met een kar te kan ry – die Chev!

Vrydag ry ek al van vroegmiddag af heen en weer op die hek in ons oprit om straataf te sien of hulle al aankom. Eers toe die Chev 'n meter van my af stop, sien ek dis hulle! Ek het bly uitkyk vir 'n "two-tone", maar toe is hy beige! Aaneen beige! Ek sukkel om my teleurstelling weg te steek. (Jare later het ek en my pa nog bly wonder of dit 'n standaardkleur was en of hy oorgespuit was.)

Oom Pieter sien nie kans om die kar in ons smallerige stadsoprit in te trek nie. "Dra af die kar," sê tant Annie vir my toe hulle uitklim. In ons familie beteken dit dat alles afgepak en ingedra moet word, en ek en Nefie spring aan die werk.

Daar's 'n heel Karooskaap, vars beskuit, koekies, plaasbotter, wildsbiltong en genoeg groente en vrugte vir die hele buurt. Maar die lekkernye boei my nie; ek loer net nou en dan vir die *dashboard* en wonder of die storie van die glas water waar kan wees...

Toe Pa by die huis kom, trek hy die Chev mik-mik en voetjie vir voetjie in.

**Vroeg die Saterdagoggend** maak ons gereed vir die lugskou. Op pad moet die susters – dis nou my ma en my tante – eers gou 'n "paar goedjies" in die winkels gaan kry.

Dis iets wat die stadsmense nie sal verstaan nie, maar as jy op Willowmore bly en jy kom Baai toe, het jy altyd lysies van goedjies wat jy vir die buurvrou of die VLV moet kry. Goed wat jy nie op die platteland kan kry nie. Gelukkig is daar nog vir my ma tyd om by die musiekwinkel in te draf en die nuutste *seven single* van Jim Reeves te koop – *Distant Drums*.

Toe ons uiteindelik by die lugskou aankom, het dit al begin en ons kry nie goeie parkeerplek nie. Die inkopies is sommer by die passasiersvoete en agter in die Chev se venster neergesit. Ons klim uit, druk tussen die mense deur en probeer so na as moontlik aan die aanloopbaan staan.

Ek en Nefie is in die sewende hemel – ons wil terstond vlieëniers word! Ek hou die meeste van die grys-en-rooi Harvards wat netjies in formasie vlieg; hy is weer mal oor die spuitvegvliegtuie wat so raas. Ons sien ook Dakotas, Spitfires, Herculesse, Schakletons en selfs 'n helikopter!

Toe alles verby is, is dit terug huis toe. Reeds in 1966 was dit 'n besige lugskou en die verkeer is amper iets soos wat Johannesburgers spitstyd sou noem.

By die kar gekom, sê oom Pieter vir my pa: "Gert, vat jy die wiel, jong. Ek sien kans vir deur 'n drif water ry en tussen 'n trop skape deur, maar nie vir al dié mouters nie!"

Dis toe dat ek my gaping sien. Ek karring mos toe al van die vorige dag af oor die glas water op die *dashboard* – en ek karring weer. En oom Pieter vervies hom vir my en sê: "Gits, sie' die kjint nie end kry nie!" en hy gryp 'n kartonglasie en ek gee my groen koeldrank vir hom aan voor hy hom bedink... en daar staan die glas groen koeldrank op die *dashboard*! En ek is in my element.

'n Verkeerskonstabel beduie al die motors met swaaiende arms by die parkeerterrein uit. Nefie het klaar vergeet van vlieënier word. Nou wil hy Willowmore se eerste amptelike spietkop wees! Daar is 'n paar van daai simpel klasmaats van hom wat hy darem eendag lekker gaan *fine*!

(Hy't nooit spietkop geword nie, maar wel polisieman – en ek onderwyser.)

Ons is amper by die lughaweterrein uit toe 'n Mini skielik voor die Chev indruk en pa skerp moet rem.

En toe kom daai glas groen koeldrank – bo-oor die VLV en Vrouediens en buurvroue se stadsinkopies. Tant Annie se onse en onse breiwol (sy was 'n voorslagbreier), die VLV se kant en linte, tant Lenie van die buurplaas se rokpatrone – alles groen-nat.

Almal kyk vir my asof ek iets daarmee te doen gehad het.

'Tant Annie se onse en onse breiwol (sy was 'n voorslagbreier), die VLV se kant en linte, tant Lenie van die buurplaas se rokpatrone – alles groen-nat.'

**Toe ons by die huis stop,** sê hulle vir Nefie aan om die kar af te dra – ek moet die kar binne skoonmaak. Ma en tant Annie haas die huis binne met die beskadigde pakkies om te probeer red wat te redde is. Almal behandel my asof ek iets verkeerds gedoen het. Ek is dikbek.

Toe alles onder beheer is, begin ek witvoetjie soek en vra vir Ma of ek die nuwe Jim Reeves-plaat kan opsit. Sy willig in. Die gemoedere is aan die kalmeer; daar is ook besluit om later die Karoolamsrib te braai.

Die grootmense sit met 'n glasie soetwyn en ek sit die plaat op. Ek sien die plaat se kante is gekartel en lyk soos die rand van die hoed wat my ouma na haar jongste dogter se troue gedra het, maar ek sê niks. Jim Reeves begin sing: " I hear... of distant... away... away". Almal kyk vir my.

"Wie't die plaat agter in die kar se venster neergesit?" vra Pa.

Ek haal die kromgetrekte plaat af en gaan kamer toe.

Toe die Willowmore-familie Sondag ná middagete ry, sê ek vir my pa ek dink nie die Chev is so oulik as wat hy hom uitgemaak het nie. Kyk net hoe warm het hy geraak dat die plaat ge-*buckle* het. "En Pa het gelieg oor die water op die *dashboard*," voeg ek roekeloos by.

Kort daarna kry ek 'n helse pak slae.

**Ná die Chev Impala** het my oom 'n Peugeot 404 gekoop. Maar toe was niks meer dieselfde nie, want my pa het nie meer by General Motors gewerk nie en ons het begin Volvo's ry.

Ander dinge soos veiligheid en ekonomiese brandstofgebruik was nou van belang; en karre was nie meer *two-tone* nie, almal was nou effekleurig.

Maar vandag nog as ek in my Audi ry, kyk ek soms na die *dashboard* en wonder hoe hý sou vaar met 'n vol glas water op 'n sinkplaatpad.

**SAVVA Technical Tip 98 - Motorcycle side stand**

This one is for the vintage motorcycle enthusiasts:

Perhaps you have had the same problems as I have had with vintage bikes over the years. If so, this could be a solution.

The problem I have had is with the cycle stands that clip up behind the rear mudguard - which invariably fell down on a rough road causing one to stop to hook the thing back up into the clip. I often wished the bike had a side stand like many modern bikes i.e. BMWs, Harleys etc. It was always my intention to try and make one but never got around to it.

Recently, my grandson, who was visiting for a few days, went to the local bicycle shop and came back with a perfect side stand which he had just bought for R85.00.

It looks ideal for a vintage bike. It is a "fit all" design and manufactured from what looks like cast aluminium and the length is adjustable. It even has a rubber *thingie* on the end to stop it slipping. The return spring is very strong and cannot fall down when ridding.

I'm currently rebuilding a 1923 AJS and will try one out.

